# 2024 JAARVERSLAG




## jaar later...

STELLENBOSCH UNIVERSITY · IYUNIVESITHI · UNIVERSITEIT

MATIES SPORT

# ERKENNING


| | |
|---|---|
| **Inhoud:** | Maties Sport |
| **Foto's:** | Maties Sport |
| **Redakteur:** | Trisha Bam |
| **Afrikaanse vertaling:** | Pia Nänny |
| **Inligtinggrafika:** | Nado Graphics |
| **Ontwerp en uitleg:** | Nado Graphics |


Maties Sport

@matiessport

@MatiesSport

Maties Sport

@matiessport



# ONS **VISIE**

Om die leidende universiteit te wees en by te dra tot 'n holistiese en diverse ervaring deur sport.

# ONS **MISSIE**

Om uitnemendheid te kweek in sowel die akademiese as sportprestasies van talentvolle student-atlete en om sosiale kohesie en betrokkenheid te bevorder vir 'n aktiewe lewenstyl onder alle personeellede en studente.

# ONS **STRATEGIESE DOELWITTE**

- Om student-atlete te ondersteun deur die lewering van 'n holistiese hoëprestasieprogram van wêreldgehalte.
- Om toegang tot 'n diverse rekreasie- en aktiewe lewenstylprogram te verskaf.
- Om 'n diverse omgewing te kweek wat ooreenstem met institusionele prioriteite.
- Om 'n volhoubare leweringsmodel na te streef wat deur ons professionele steundienste ondersteun word.
- Om sportverwante navorsing, onderrig en leer, en sosiale-impakaktiwiteite te ondersteun deur die Sentrum vir Sportleierskap en die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Olimpiese Studies en Sosiale Impak.

# BOODSKAP AAN ONS MATIES-ONDERSTEUNERS

Die Maroenmasjien het weer eens ons grootste verwagtinge oortref met skitterende sport- en akademiese uitslae in 2024. Ons werk met student-atlete en daarom vier ons eerste hul akademiese prestasies. Altesame 37 student-atlete het vanjaar 'n gemiddelde van 75% en hoër vir hul akademiese jaar behaal. En ons eer natuurlik ook hul prestasies op die veld, insluitend die noemenswaardige prestasies van al die sportkodes by die 2024 Universiteitsport Suid-Afrika- (USSA-) toernooie.

Hierdie prestasies val nie in 'n mens se skoot nie en vereis baie ure se toegewyde werk, oefening en akademiese selfdissipline. Dit is al bewys dat die vaardighede wat student-atlete ontwikkel – dissipline, veerkragtigheid, leierskap en aanpasbaarheid – dikwels lei tot langtermynsukses in die lewe en werk. As jy dit oorweeg om 'n student-atleet in diens te neem, kan jy gerus wees dat die persoon voor jou die vermoë ontwikkel het om 'n produktiewe balans tussen sport en akademie te vind, wat hulle uitstekende werknemers maak wat druk en die lewe se uitdagings doeltreffend kan hanteer. Hulle floreer in omgewings waar samewerking belangrik is, wat van hulle fantastiese leiers en spanlede maak.

Student-atlete ontwikkel lewensvaardighede wat hulle onderskei in persoonlike én professionele sfere; dit is dus vir die Universiteit Stellenbosch (US) belangrik om hul volle potensiaal te ontwikkel.

Ons kyk terug op 'n jaar waarin ons ons atlete en personeellede wat Span Suid-Afrika by die 2024 Olimpiese en Paralimpiese Spele in Parys verteenwoordig het, trots ondersteun het. Ek het die voorreg gehad om hierdie pragtige stad, en ook die stad Aix-en-Provence, in Frankryk te besoek vir die Federasie van Internasionale Universiteitsport (FISU) se sewestoernooi. Hier in Stellenbosch berei ons voor om die volgende FISU Sewestoernooi in 2026 aan te bied en om die wêreld se beste student mans- en vrouestudenterugbyspelers by Coetzenburg te verwelkom.

Nog 'n trotse oomblik was toe die US in Junie 2024 die derde Afrika-universiteit geword het om amptelik 'n platinum-sertifisering as 'n gesonde kampus by FISU te ontvang. Hierdie sertifisering beoog om alle aspekte van welwees vir studente en die kampusgemeenskap te verbeter. Om hierdie toekenning te ontvang, bevestig die werk wat ons as 'n instelling onder Maties Sport se leierskap gedoen het om gesondheid en welwees te bevorder.

**PROF STAN DU PLESSIS**
**Bedryfshoof, Universiteit Stellenbosch**



# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 1 | ONS VIER 'N DEKADE VAN #MAROENMASJIEN-LEIERSKAP | BL 4 |
| 2 | ONS VIER ONS HELDE VAN 2024 | BL 6 |
| 3 | ONS BELOON UITNEMENDHEID | BL 12 |
| 4 | ONS KOESTER ONS HARTKLOP EN PASSIE | BL 16 |
| 5 | ONS STAL ONS FASILITEITE EN BYEENKOMSTE UIT | BL 22 |
| 6 | ONS DEEL ONS MATIES SPORT-STORIES | BL 27 |
| 7 | ONS DRYF SOSIALE IMPAK EN LEIERSKAP | BL 28 |
| 8 | ONS STREEF DAARNA OM 'N VOORKEURWERKGEWER TE WEES | BL 34 |
| 9 | ONS GEE ERKENNING AAN DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE | BL 36 |
| 10 | ONS FOKUS OP VOLHOUBARE FINANSIËLE SUKSES | BL 38 |
| 11 | ONS KYK VORENTOE | BL 39 |

# ONS VIER 'N DEKADE VAN **#maroenmasjien-LEIERSKAP**

Ek is opgewonde om 'n betekenisvolle mylpaal in die reis van my tweede termyn te vier – 10 jaar van onwrikbare toewyding, innovasie en sukses by Maties Sport, gelei en ondersteun deur die Universiteit Stellenbosch (US) se bedryfshoof en hoof van die Verantwoordelikheidsentrum: Bedryf en Finansies, Prof. Stan du Plessis, en die hele leierskap en al die personeel van die Universiteit Stellenbosch. Wanneer ek oor hierdie merkwaardige reis nadink, is ek gevul met trots en dankbaarheid vir die prestasies en herinneringe wat ek saam met die #MaroenMasjien-span geskep het.

Die span het oor die afgelope dekade buitengewone toewyding en passie gewys om Maties Sport te bevorder. Deur samewerking en onwankelbare vasberadenheid het ons baie mylpale behaal en ons doelwitte oortref, en só 'n impak gehad op die sportbedryf en die gemeenskappe wat ons bedien.

Maties Sport se storie is 'n bewys van elke spanlid se toewyding. Van afrigters en student-atlete tot administrateurs en steundienspersoneel – elke individu het 'n belangrike rol in ons gesamentlike prestasies gespeel. Saam het ons uitdagings as geleenthede vir groei, diversiteit as 'n bron van krag, en baie nuwe areas as katalisators vir verandering aangegryp.

Ons prestasies dien as bewys van die grondslag wat tussen 2014-2019 gelê is. Die areas wat verbeter en bevorder moet word, is ingesluit by ons visie vir 2024-2029 (sien bladsy 39). Ons beplande visie laat Maties Sport toe om te floreer danksy 'n unieke, toekomsgerigte besigheidsmodel. Ons strategiese belyning, sleutelfokusareas en mylpale wat uiteengesit is, dien as bewys dat ons ons verwagtinge in belangrike areas bereik en oortref het. Die strategiese inisiatiewe, van sportdeelname en -prestasie tot professionele steundienste, navorsing vir impak en gemeenskapsbetrokkendheid, het tasbare en positiewe uitkomste gelewer, wat ons onwrikbare verbintenis tot uitnemendheid weergee.

Dit is noemenswaardig dat ons aanpasbaarheid en strategiese toekomsbeplanning dit vir ons moontlik gemaak het om suksesvol deur komplekse landskappe te navigeer. Ons veerkragtigheid in tye van teëspoed was 'n bepalende eienskap van ons prestasie. Ons bly onwankelbaar in ons strewe om 'n kultuur van inklusiwiteit, integriteit en innovasie in Maties Sport se besigheidsmodel te bevorder.

**Hier volg 'n paar belangrike uitkomste en ontwikkelings:**

- **Verbeterde werkverrigting en prestasies:** Ons 30 sportkodes het aan plaaslike, streek-, nasionale en internasionale kompetisies en ligas deelgeneem, en beduidende prestasies behaal, wat medaljes, rekords en suksesse in verskeie sportkodes insluit.
- **Verhoogde deelname:** Aktiwiteite het toegeneem oor die afgelope vyf jaar, gegrond op maatstawwe soos die aantal geregistreerde atlete, spanne en klubs oor programme heen.
- **Verbeterde fasiliteite en infrastruktuur:** Ons het daarop gefokus om sportfasiliteite, infrastruktuur en toerusting te verbeter. Dit sluit in belegging in die bou van nuwe fasiliteite, die opgradering van bestaande fasiliteite en om toeganklikheid tot sportgeriewe te verseker.
- **Meer borgskappe, donasies en ander inkomstegenerering:** Ons het daarop gefokus om borgskapooreenkomste, vennootskappe en inkomstestrome te laat groei – dit sluit in donasies, borgskappe, goedere, produkte,

geleenthede, handelswareverkope en advertensiegeleenthede. Die doel is om finansiële volhoubaarheid te verbeter en befondsing vir sportprogramme en -inisiatiewe te diversifiseer.

- **Verbeterde gemeenskapbetrokkenheid en -uitreike:** Ons het 'n Sosiale Impak-komitee wat Maties Sport en individuele klubs se programme koördineer. Ons het programme in meer as vyf sportkodes en in parasport aangebied.

- **Opleiding en ontwikkeling:** Ons het belê in onderrig-, opleiding- en ontwikkelingsprogramme om die gehalte en bekwaamheid van studente, afrigters en bestuurspersoneel te verbeter.

- **Bevordering van tegnologie en innovasie:** Ons Hoëprestasie-eenheid het die integrasie van tegnologie en innovasie in opleiding en prestasie-ontleding nagegaan. Bykomende beleggings is gedoen om die ontwikkeling van studente-atlete, die voorkoming van beserings, en aanhangerbetrokkenheid te verbeter.

- **Transformasie met 'n fokus op diversiteit en insluiting:** Ons fokus was steeds om die werwing en behoud van student-atlete en afrigtingpersoneel te verbeter om transformasiedoelwitte te behaal, die verteenwoordiging van vroue te verbeter, en 'n verwelkomende omgewing vir mense van diverse agtergronde en identiteite te verseker.

Maties Sport se visie stem ooreen met die Universiteit Stellenbosch se oorkoepelende institusionele visie, missie, waardes en strategiese temas. Ons het by ons jaarlikse werkswinkel belangrike insigte gekry oor die algehele doeltreffendheid van ons strategie en areas vir verbetering en verfyning geïdentifiseer, wat in die nuwe vyfjaarvisie gedek word.

Hierdie Jaarverslag fokus op 2024, maar bied ook 'n kitsblik op die afgelope 10 jaar. Soos Maties Sport die volgende fase van hul reis aanpak, is ek gevul met optimisme, vasberadenheid en 'n hernieude verbintenis om ons standaarde te bevorder.

Ek het deur hierdie reis onwrikbaar gebly in my verbintenis tot uitnemendheid, integriteit en transformerende leierskap. Ek het daarna gestreef om die hoogste standaarde van professionalisme en etiese optrede te handhaaf en die vertroue en respek van my eweknieë, vennote en belanghebbers te verdien. Onwankelbare toewyding en ondersteuning vir regverdigheid, inklusiwiteit en respek was nog altyd die hoekstene van my leierskaprol as hoofdirekteur van Maties Sport.

Die volgende vyf jaar beloof nuwe uitdagings, geleenthede en avonture, en ek is gereed om dit aan te gryp met dieselfde ywer en visie wat my reis tot dusver gekenmerk het. Ek sal saam met die #MaroenMasjien-span aanhou om die grense van innovasie te verskuif, positiewe verandering te inspireer en 'n verskil in die sportwêreld te maak, veral in die hoëronderwyssektor.

Ek is dankbaar teenoor my gesin, kollegas, vennote, ondersteuners en vriende vir hul onwrikbare ondersteuning en geloof in my om Maties Sport se visie te dryf: "Om die leidende universiteit te wees en by te dra tot 'n holistiese en diverse ervaring deur sport". Hul bydraes het 'n belangrike rol gespeel in my sukses, en ek is baie dankbaar vir die geleentheid om saam te werk en te groei.

Ek sien uit na nog vyf jaar van passie, volharding en vooruitgang by Maties Sport – en nog baie jare se sukses, nuwe leergeleenthede en groei gedryf deur uitdagings en vervulling.

**ILHAAM GROENEWALD**
**Hoofdirekteur: Maties Sport**



# ONS VIER
# ONS HELDE VAN 2024

**Maties se student-atlete en sportalumni maak ons jaar na jaar trots met hul uitstekende prestasies. 2024 was geen uitsondering nie, met groot verteenwoordiging op nasionale en internasionale vlak. Ons is veral baie trots oor die 19 student-atlete, alumni en personeel wat 20 persent uitgemaak het van Span Suid-Afrika by die Olimpiese en Paralimpiese Spele in Parys. Ons vier hier 'n paar van ons #MaroenMasjien-helde ...**

## Maties neem deel aan die **Olimpiese en Paralimpiese Spele in Parys**




*Maties Parasport se bestuurder Wentzel Barnard (middel) met van links afrigters Fanie van der Merwe, Suzanne Ferreira en Daniel Damon, en atlete Kerwin Noemdo, Paul Daniels en Daniel du Plessis.*

Maties Sport is trots op ons atlete en personeellede wat Span Suid-Afrika in 2024 by die Olimpiese en Paralimpiese Spele in Parys verteenwoordig het.

**Maties se Parasport-atlete wat Span SA verteenwoordig het**

- Kerwin Noemdo (gewigstoot) het sy Paralimpiese debuut by Tokio 2020 gemaak en het 'n vierde plek behaal.
- Daniel du Plessis (atletiek) het ook sy Paralimpiese debuut by Tokio 2020 gemaak.
- Paul Daniels (atletiek) is 'n Graad 12-leerder van Hoërskool Cloetesville wat saam met Maties se parasport-atlete oefen.
- Christian Sadie (swem) het al verskeie internasionale medaljes gewen, onder meer twee medaljes by die Statebondspele (silwer in 2018 en brons in 2022).

**US-personeel wat Span SA verteenwoordig het**

- Daniel Damon (afrigter).
- Ilhaam Groenewald (hoofdirekteur van Maties Sport en SASKOK-raadslid).
- Dr. Craig Thompson (spandokter).
- Prof. Wayne Derman (mediese direkteur).

**Maties-sportsterre en -alumni wat Span SA verteenwoordig het**

- Ongeziwe Mali (hokkie).
- Quanita Bobbs (hokkie).
- Stephanie Botha (hokkie).
- Erin Christie (hokkie).
- Kayla de Waal (hokkie).
- Kayla Swarts (hokkie).
- Tarryn Lombard (hokkie).
- Keenan Horne (hokkie).
- Andrew Hobson (hokkie).
- Jacques van Tonder (hokkie).
- Daniel Bell (hokkie).
- Gardeo Isaacs (atletiek).


*Fotokrediete: Span Suid-Afrika*

## Maties by die **KUKSA Spele**

Maties Sport het drie verteenwoordigers in die USSA-span gehad wat aan die Konfederasie van Universiteit- en Kollegesportassosiasies (KUKSA) Spele deelgeneem het en hulle het almal medaljes verower. Mieke Basson (Nagraadse Diploma in MIV/Vigsbestuur), links, en Andrea Cornelissen (MBChB, Geneeskunde en Gesondheidwetenskappe), regs, het onderskeidelik goud en silwer gewen in verspring. Hulle was ook deel van die aflosspan wat goud gewen het in die aflos vir vroue. Die Maties-basketbalspeler Dineo Fanampe (MBChB, Geneeskunde en Gesondheidwetenskappe) het ook goud verower as deel van die vrouebasketbalspan.

## Drywers van **Maties-trots**



Twee van ons Maties-vrouegholfspelers, Crystal Beukes (HonsBSc Mediese Virologie) en Anita Chen (BOpvoedkunde), het albei as kaptein vir Boland Gholf gedien by die SA Vroue 72-putjie-kampioenskap by Reading Buiteklub. Daarbenewens het twee Maties-mansgholfspelers, Joshua Marais (BCom Bestuurswetenskappe) en Keagan Rousseau (BRekeningkunde), in Junie vir die eerste keer by die Boyd Quaich deelgeneem.

## **Internasionale basketbalster** en gouemedaljewenner in roei




Maties se basketbalster Erin Powers, 20, het uitgeblink by die 2024 FIBA 3×3 o.23 Nasiesliga-toernooi wat in Uganda aangebied is. Hierdie basketbalformaat is bekend vir 'n vinnige pas, met twee spanne van drie spelers wat op die helfte van die baan meeding.

Dié tweedejaarstudent wat vir 'n BA-graad in Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studies studeer, dien nie net as Maties Basketbal se ondervoorsitter nie, maar is ook 'n lid van die Maties-roeiklub. Sy het in 2023 by die roeiklub aangesluit vir ontspanning, en het as deel van Maties se B-span goud gewen by die USSA-kompetisie.

## **Stormers-haker behaal graad** aan die Universiteit Stellenbosch




Die Maties Rugby- en Stormers-haker JJ (Jean-Jacques) Kotze, wat 'n BSc-graad in Fisioterapie verwerf het, kon nie sy gradeplegtigheidseremonie bywoon nie omdat hy in Londen was vir die Stormers se Europese Rugbykampioenskap-wedstryd teen die Harlequins. Kotze het in 2019 'n kontrak by die DHL Stormers gekry, maar kon eers in 2021 – nadat COVID-beperkings gelig is – sy debuut vir die span maak.

## Maties Rugby-spelers **ingesluit by Junior Bokke-groep**

Die Maties-rugbyspelers Ezekiel Ngobeni (2e jaar BCom Landbou-ekonomie), links, en CJ Erasmus (3e jaar BRekeningkunde), regs, is gekies vir die Junior Springbok-groep wat in Mei in Australië aan die o.20 Rugbykampioenskap deelgeneem het.






## **Maties-hokkiespelers** blink uit vir WP

Altesame 21 Maties-hokkiespelers is in die Westelike Provinsie se o.21 A-spanne opgeneem, met albei spanne wat silwer gewen het by die toernooi. Drie spelers het individuele toekennings ontvang vir hul prestasies by die o.21 interprovinsiale kompetisie: Ross Montgomery (meeste doele – mans), Richele Norval (vrouedoelwagter) en Daniel Dillon (mansdoelwagter).

## Nog vier Maties-rugbyspelers **word Springbokke**

Maties Rugby het nog vier Springbokke opgelewer – Edwill van der Merwe, Ben-Jason Dixon, Jordan Hendrikse en André-Hugo Venter. Dit bring Maties Rugby se totale aantal senior Springbokke te staan op 182 oor 150 jaar.



*Andre-Hugo Venter.*



*Jordan Hendrikse.*



*Ben-Jason Dixon.*



*Edwill van der Merwe.*



## Vrouebokke

Bianca Augustyn het 'n naam vir haarself gemaak op die internasionale rugbyverhoog. Nie net was sy deel van die span wat die eerste Varsitybeker-vrouetoernooi gewen het nie, maar sy is ook gekies vir die Springbok-vrouespan wat aan die Statebondspele in Birmingham deelgeneem het. Haar harde werk het vrugte afgewerp toe sy ingesluit is by die Springbok-vrouesewesspan wat aan die sewesreeks in Vancouver, Kanada, deelgeneem het.

## Maties-vrouerugbyspelers by FISU 7s





Nadat hulle die 2024 FNB Varsitybeker-seisoen met 'n silwermedalje afgesluit het, is die Maties Rugby-vrouespelers Elmé Kruger (honneurs in Sportwetenskap) en Ankia Viljoen (3e jaar Sportwetenskap) ingesluit by die Suid-Afrikaanse sewespan vir die FISU Seweswêreldkampioenskap vir studente wat in Junie in Frankryk aangebied is.

## Nicola Smith sprei haar vlerke

Van Maties Netbal na die internasionale verhoog – Nicola Smith se reis is werklik merkwaardig. Sy het eers van die Varsity Netbal-kompetisie gevorder na die Telkom-netballiga. Daarna het haar harde werk vrugte afgewerp toe sy in 2020 vir die SPAR Proteas gekies is, en sy het die geleentheid gehad om Suid-Afrika in 2023 by die Netbalwêreldbeker te verteenwoordig. Aan die einde van 2023 het sy 'n kontrak by die Loughborough Lightning-netbalspan in Engeland gekry.

## Krieketalumnus klap honderdtal



Die voormalige Maties-krieketspeler David Bedingham het in Februarie sy eerste toetshonderdtal vir Suid-Afrika aangeteken teen Nieu-Seeland. Dit was die hoogtepunt van Suid-Afrika se tweede beurt op dag drie en hy het die grootste telling vir sy span aangeteken, met 110 lopies van 141 balle. Dit was 'n geskiedkundige oomblik, en 'n trotse oomblik vir Maties!

## Maties Hokkie-alumni wen brons by FIH Nasiesbeker

Die voormalige Maties-hokkiespelers Jacques van Tonder, Matthew de Sousa, Connor Beauchamp, Keenan Horne, Andrew Hobson en Daniel Bell was deel van die span wat 'n derde plek behaal het by die FIH Nasiesbeker-toernooi.

En die volgende spelers is gekies om Suid-Afrika by die Olimpiese Spele in Parys te verteenwoordig: Erin Christie, Tarryn Lombard, Ongeziwe Mali (huidige speler), Quanita Bobbs, Kayla de Waal en Stephanie Botha.

# Goldrush **Boland Superliga-wenners**



*Maties Krieket het as die wenners van die eerste Goldrush Boland Superliga-toernooi uit die stryd getree nadat hulle onoorwonne was in die toernooi. Hulle het Paarl Krieketklub met ses paaltjies gewen in die finaal. Drie Maties-spelers is ingesluit by die span van die toernooi: Jason Muirhead, Gysbert Wege en Boago Gaoraelwe.*

## Maties Krieket- **kampioenskapuitslag**

Geluk aan Maties Krieket, die Wes-Kaap se streekskampioene van 2024! Hulle het in April aan Krieket SA se Klubkampioenskap deelgeneem en tweede geëindig in die toernooi.

## **Michiel voltooi Comrades**

Maties Atletiek se Michiel Herholdt (BRekeningkunde) het aan sy eerste Comrades-marathon deelgeneem en dit in minder as 11 ure voltooi. Die 20-jarige het ook die toekenning ontvang vir die jongste deelnemer wat die wedloop voltooi het.



## **SA Toutrekkampioen**




*Maties se toutrekkampioen Rico Thiart (HonsBSc Aardwetenskappe) het aan die toutrekwêreldkampioenskap in Mannheim, Duitsland, deelgeneem. As deel van Span SA het hy goue medaljes in die 600kg Mans o.23 ope en geslote geleenthede gewen, en silwer in die o.23 560kg gemengde ope.*

## Maties-netbalspelers **blink uit by o.21 kwalifiseringrondes**

Geluk aan Syntiche Kabuya (MSc in Voedselwetenskap), Lisa Ingwersen (BRekeningkunde) en Renezia Andrews (BCom Bestuurswetenskappe) – ons eie Spar Baba-Proteas – wat uitstekend gevaar het by die Afrika-kwalifiseringrondes van die 2025 Netbalwêreldjeugbeker. Ons is trots op Syntiche en Renezia wat albei Speler van die Wedstryd-toekennings ontvang het.



*Syntiche Kabuya in aksie.*

## Maties-krieketspelers **teken professionele kontrakte**

Vier Maties-krieketspelers het professionele kontrakte geteken: Ethan Cunningham (BSc Rekenaarwetenskap), links, Gysbert Wege (BRekeningkunde), middel, en Lehan Botha (Nagraadse Diploma in MIV-/Vigsbestuur), regs, het professionele kontrakte met Boland Krieket gesluit. Die Suid-Westelike Distrikte (SWD) het 'n kontrak gesluit met die voormalige kaptein van die Suid-Afrikaanse o.19-span George van Heerden.







## 'Veteraan' Hans Neethling doen dit weer

Maties-hokkiespeler Hans Neethling (BCom Bestuurswetenskappe), wat meer as 20 keer vir die SA o.21-manshokkiespan uitgedraf het, het in Januarie sy debuut vir die senior span gemaak by die somerreeks teen Nederland in Kaapstad.



## Maties by **Afrika Spele**

Agt Maties-student-atlete en drie personeellede het Span Suid-Afrika in Maart by die Afrika Spele in Accra, Ghana, verteenwoordig.

**Krieket:**

- Maahir Joseph
- Lehan Botha
- George van Heerden

**Hokkie:**

- Hans Neethling
- Brendan du Toit
- Niel Raath

**Atletiek:**

- Mire Reinstorff (Paalspring vir vroue)

**Swem:**

- Petrus Truter

**Personeel:**

- Hannah Bevis (Krieketprestasiewetenskaplike)
- Dr. Nana Adom-Aboagye (Navorser)
- Prof. Cora Burnett (Navorser)

## Maties goed verteenwoordig **in watersport**

Die #MaroenMasjien was goed verteenwoordig by die onlangse Wêreldwatersportkampioenskap in Doha. Altesame ses voormalige en huidige Maties-waterpolospelers was deel van die twee spanne wat Suid-Afrika verteenwoordig het.

## Maties-skaakspeler **verteenwoordig SA in Boedapest**

Die Maties-skaakspeler Daniel Barrish (PhD in Bedryfsingenieurswese) het Suid-Afrika by die FIDE Skaakolimpiade in Boedapest, Hongarye, verteenwoordig.



# ONS BELOON **UITNEMENDHEID**

## Studente-atlete blink uit by **Maties Sport se jaarlikse toekenningsaand**

Die 49ste Maties Sport-toekenningsaand is in Oktober in die Coetzenburg-sentrum aangebied.

Die geleentheid se gasspreker was Ben-Jason Dixon, 'n voormalige Maties-rugbyspeler wat in 2020 die kaptein van die Varsitybeker-span was en wat in 2022 met 'n graad in Bedryfsingenieurswese aan die US gegradueer het. Hy het ná sy graduering by die Stormers aangesluit en het in Julie vir die eerste keer vir die Springbokke uitgedraf

Volle kleure, wat nasionale verteenwoordiging erken, is aan 35 student-atlete toegeken; en die Paralimipiese atlete Daniel du Plessis en Kerwin Noemdo, albei Maties-alumni, en Paul Daniels, 'n lid van die Maties Parasport-klub, is vereer met die Hoofdirekteur se toekenning vir spesiale erkenning vir hul inspirerende prestasies.

Ezekiel Ngobeni, 'n BCom Landbou-ekonomie-student in sy tweede jaar, is as die Sportman van die Jaar aangewys. Hy het Suid-Afrika by die o.20 Rugbywêreldkampioenskap verteenwoordig, en was deel van die Maties-span wat in 2023 en 2024 die USSA 15's-rugbytoernooi gewen het.

Die 2024 Sportvrou van die Jaar-toekenning is oorhandig aan Crystal Beukes, wat besig is met haar honneursgraad in Mediese Virologie. Crystal, 'n passievolle gholfspeler, het die Universiteit en Suid-Afrika al twee keer by die FISU Wêrelduniversiteitgholfkampioenskap verteenwoordig – in 2022 en 2024.

Maties Rugby se hoofafrigter Kabamba Floors het die Afrigter van die Jaar vir Spansport ontvang, en Maties Rugby is as die Klub van die Jaar aangewys. Hulle het hul USSA 15's-rugbytitel vir die derde jaar agtereenvolgens behou en al hul Varsitybeker-spanne – die senior manspan, die junior manspan en die vrouespan – het die semifinale in hul onderskeie kompetisies bereik.

Maties Krieket is as die Span van die Jaar aangewys nadat hulle die Boland-liga gewen het en aan die einde van die 2023/2024-seisoen na die Kampioenskap bevorder is.







*Prof. Wim de Villiers, rektor van die Universiteit Stellenbosch, oorhandig die Sportvrou van die Jaar-toekenning aan Crystal Beukes (links) en die Sportman van die Jaar-toekenning aan Ezekiel Ngobeni (regs).*



*Span van die Jaar: Maties Krieket.*



*Volle kleure vir ons Maties Hokkie-spelers.*




*Klub van die Jaar: Maties Rugby.*



**Sportman van die Jaar –**
Ezekiel Ngobeni (Rugby)

**Sportvrou van die Jaar –**
Crystal Beukes (Gholf)

**Afrigter van die Jaar (Spansport) –**
Kabamba Floors (Rugby)

**Afrigter van die Jaar (Individuele Sport) –**
Daniel Damon (Atletiek)

**Afrigter van die Jaar (Mededingende Sport) –**
Richard Castle (Muurbal)

**Span van die Jaar –**
Maties Krieket

**Mees Verbeterde Klub van die Jaar –**
Maties Roei

**Klub van die Jaar –**
Maties Rugby

**Studente-administrateur van die Jaar –**
Dylan Schmidt (Roei)

## Rektorstoekenning vir **uitnemendheid**

Die uitmuntende prestasies van studente in akademie en kokurrikulêre velde is by 'n formele gala-ete gevier. Die volgende ses Maties Sport-student-atlete is na hierdie geleentheid genooi:

- **Danielle van Nieuwenhuizen –**
  Netbal. MIngSc (Biomediese Ingenieurswese)
- **André-Hugo Venter –**
  Rugby. BCom (Bestuursrekeningkunde)
- **Mieke Basson –**
  Atletiek. Nagraadse diploma (MIV/Vigsbestuur)
- **Ongeziwe Mali –**
  Hokkie. BOpvoedkunde
- **Lehan Botha –**
  Krieket. Nagraadse diploma (MIV/Vigsbestuur)
- **Bianca Augustyn –**
  Rugby. MIng (Siviele Ingenieurswese)







*Hoofdirekteur van Maties Sport, Ilhaam Groenewald, en die rektor van die Universiteit Stellenbosch, Prof.. Wim de Villiers, met ontvangers: (bo regs) Ongeziwe Mali, (onder links) André-Hugo Venter, en (bo) Danielle van Nieuwenhuizen.*

# **Tweede ministerstoekenning** vir Ilhaam Groenewald

Ilhaam Groenewald, hoofdirekteur van Maties Sport, het al verskeie kere erkenning ontvang vir haar bydrae tot sportleierskap en die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse vroue in sport in haar werk by Maties, as die eerste onafhanklike uitvoerende raadslid van SA Rugby, en as 'n lid van die SASKOK-raad.

Haar mees onlangse toekenning, 'n ministerstoekenning van die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport, is 'n bewys van haar toewyding, geloof in en verbintenis tot die bevordering van sport in Suid-Afrika.

Groenewald sê dat hoewel sy die toekenning ontvang het, sy dit nie sou kon doen sonder diegene wat in die afgelope dekade saam met haar gewerk het nie, veral Kass Naidoo, stigter van G-Sport, die leierskap van die Universiteit Stellenbosch, die bedryfshoof prof. Stan du Plessis, en die #MaroenMasjien-familie.

Sy is bekend vir haar verbintenis tot en voorspraak vir transformasie, wat verder strek as ras en gender, en dat sy 'n volhoubare besigheidsmodel dryf.

Dit is haar tweede ministerstoekenning. Die eerste een is in 2019 deur die nasionale Minister van Sport, Kuns en Kultuur toegeken.



*Die Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport, Ricardo Mackenzie, en Ilhaam Groenewald.*




# **Maties Sport-personeel erken** deur bedryfshoof

Die US se bedryfshoof en Maties Sport se lynhoof, prof. Stan du Plessis, het in 2019 'n opwindende inisiatief bekendgestel om personeel in sy verantwoordelikheidsentrum met toekennings vir uitnemendheid te vereer. Drikus Hancke, hoof van Maties Rugby (regs), en Wentzel Barnard, sportbestuurder (links), het in 2024 toekennings ontvang.

# **ONS KOESTER** ONS
# **HARTKLOP EN PASSIE**

## Universiteit Stellenbosch ontvang **platinum-sertifisering as 'n FISU Gesonde Kampus**

Platinum-sertifisering as 'n gesonde kampus is in Junie 2024 deur die Federasie van Internasionale Universiteitsport (FISU) aan die Universiteit Stellenbosch toegeken.

Hierdie sertifisering beoog om alle aspekte van welwees vir studente en die groter kampusgemeenskap te bevorder.

FISU Gesonde Kampus is 'n globale inisiatief wat ten doel het om 'n gesonde lewenstyl op kampusse wêreldwyd te bevorder.

Die program moedig universiteite aan om omgewings te skep wat fisieke, geestelike en sosiale welwees vir studente en personeel prioritiseer.

Die twee ander universiteite in Suid-Afrika wat erkenning ontvang het, is die Universiteit van Johannesburg en Tswane Universiteit van Tegnologie.

## Hoëprestasiediens **met 'n glimlag**



*Ons Hoëprestasie-eenheid se personeel ondersteun ons student-atlete om op die hoogste vlak mee te ding en ook goed te presteer in hul studies.*

# Ons koshuis vir student-atlete **loop oor van talent**

Huis Neethling, Maties Sport se hoëprestasie-sportkoshuis, het alle nuwelinge in 2024 verwelkom soos hulle die eerste tree gegee het in hul opwindende reis om hul passie vir sport en verbintenis tot akademiese uitnemendheid uit te leef.

Dit was 'n unieke jaar vir Huis Neethling, aangesien al die beskikbare koshuisplekke toegeken is aan student-atlete van Maties Sport se hoëprestasie- en mededingende sportkodes.

Huis Neethling heg nie net waarde aan sportprestasies nie, maar ook aan student-atlete se groei as individue. Ons glo dat sukses in sport gepaardgaan met sukses in akademie, en ons is daartoe verbind om studente te ondersteun om 'n balans daarin te vind.


Sukses gaan nie net oor prestasies nie, dit gaan ook oor die vestiging van 'n kultuur wat gegrond is in spanwerk, respek en gedeelde waardes. Hierdie koshuis is meer as net 'n plek om te bly – dit is 'n plek om lewenslange vriendskappe te vorm, onvergeetlike herinneringe te skep en 'n sterk familiegevoel te bou.

Huis Neethling, die tuiste van 48 vroue en 56 mans, streef daarna om 'n omgewing te skep waar elke student-atleet gemotiveer, geïnspireer en bemagtig voel om die beste weergawe van hulself te wees.


*Huis Neethling-nuwelinge besigtig hul nuwe tuiste bo Coetzenburg.*




**Streek-, provinsiale en nasionale verteenwoordiging**




**Internasionale verteenwoordiging 2024**




**Kampuslidmaatskap**

2023 vs 2024

**2023**

**1 769**

Totale lede

**2024**

**2 077**

Totale lede

308 meer deelnemers

**Deurlopende monitering en beoordeling van ons student-atlete se prestasies en akademiese vordering – asook ons gesamentlike doelwit – is noodsaaklik vir hoëprestasie- en sportbestuur.**

**Op die sportveld is ons maatstaf 'n plek op die podium, maar agter die skerms sien ons dit in ons werkblaaie. Hier is 'n blik op ons reis ...**

# Maties-sportkodes **blink uit by USSA-toernooie**




*Maties Rugby – USSA-kampioene vir die derde jaar agtereenvolgens.*

**USSA-wenners**


| Klub | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | Totaal 2021-2024 |
|---|---|---|---|---|---|
| Pluimbal | - | 1 | - | - | 1 |
| Basketbal (Mans) | - | - | 1 | - | 1 |
| Kanovaart | 1 | - | - | - | 1 |
| Krieket | 1 | - | - | - | 1 |
| Fietsry | - | 1 | - | - | 1 |
| E-sport | - | 1 | 1 | - | 2 |
| Sokker (Mans) | 1 | - | 1 | - | 2 |
| Hokkie (Vroue) | - | 1 | 1 | - | 2 |
| Hokkie (Mans) | - | 1 | - | - | 1 |
| Netbal | - | 1 | 1 | - | 2 |
| Rugby (Mans 15's) | - | 1 | 1 | 1 | 3 |
| Tennis (Vroue) | 1 | - | - | - | 1 |
| Waterpolo (Vroue) | 1 | 1 | 1 | 1 | 4 |
| Waterpolo (Mans) | 1 | 1 | 1 | 1 | 4 |
| **TOTAAL** | **7** | **9** | **7** | **4** | **27** |

**Sportklub se prestasies vir volle kleure**





Inligting verkry vanaf die 2024 Maties Sport-toekenningsaand. Maties Hokkie het die meeste lede gehad wat volle kleure ontvang het (9).

**Verspreiding van HP-student-atlete volgens studiejare 2020-2024**





**HP-studente-atlete volgens jaar van studie**


## Sportklubs se akademiese prestasies





## 2024 Totaal voorgraadse student-atlete wat gegradueer het




## 2024 Totaal nagraadse student-atlete wat gegradueer het:





## Klublidmaatskap samestelling volgens geslag




## Geslagverspreiding van HP-student-atlete 2019-2024

| | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Mans | 228 | 208 | 199 | 190 | 174 | 189 |
| Vroue | 117 | 112 | 118 | 121 | 154 | 124 |
| **Totaal** | **345** | **320** | **317** | **311** | **328** | **313** |


## BSIA van die HP-student-atlete 2020-2024




## 2024 Beurshouers per sportkode (N=331)


| Sportkode | Totaal Beurse | Totaal Mans | Totaal Vroue | Totaal BSIA | Totaal Wit |
|---|---|---|---|---|---|
| Watersport | 14 | 8 | 6 | 6 | 8 |
| Atletiek | 18 | 10 | 8 | 4 | 14 |
| Basketbal | 35 | 20 | 15 | 15 | 20 |
| Mededingende kodes | 26 | 13 | 13 | 15 | 11 |
| Krieket | 15 | 15 | 0 | 12 | 3 |
| Sokker | 36 | 20 | 16 | 23 | 13 |
| Hokkie | 60 | 29 | 31 | 26 | 34 |
| Netbal | 28 | 0 | 28 | 10 | 18 |
| Rugby (mans) | 68 | 68 | 0 | 27 | 41 |
| Rugby (vroue) | 31 | 0 | 31 | 13 | 18 |
| **TOTAAL** | **331** | **183** | **148** | **151** | **180** |

## 2024 Beurshouers per geslag (N=331)





| | |
|---|---|
| **Mans** | 183 |
| **Vroue** | 155 |
| **Totaal** | **338** |

## Demografie van klublidmaatskap




## 2024 HP-sportbeurstoekennings: Rasverspreiding (N=331)




| | |
|---|---|
| **BSIA** | 151 |
| **Wit** | 180 |
| **Totaal** | **331** |

# ONS STAL ONS **FASILITEITE EN BYEENKOMSTE UIT**

## Maties Sport bied **skemerkelkie aand aan vir vroue**

Maties Sport het hul eerste skemerkelkie aand vir vroue aangebied met die doel om die geesteskrag, veerkragtigheid en prestasies van vroue by die Universiteit Stellenbosch te vier. Die geleentheid het voortgebou op ons sosialemediaveldtog #HereforHer wat in 2023 van stapel gestuur is. Maties Sport het in 2024 voortgegaan om as kampvegter vir vroue op te tree om deelname, ondersteuning en groei in vrouesport by die Universiteit te bevorder.

Die gasspreker by die geleentheid was Ongeziwe Mali, Maties-hokkiespeler en deelnemer aan die Olimpiese Spele, wat almal geïnspireer het met haar storie. Ondanks haar moeilike kinderdae, het sy nou 'n florerende sportloopbaan te danke aan haar veerkragtigheid, harde werk en vasberadenheid.

Die geleentheid het 'n paneelbespreking ingesluit oor die bevordering van studente-atleetonderrig in die hoëronderwyssektor. Dit is gefasiliteer deur Ilhaam Groenewald, hoofdirekteur van Maties Sport, met die volgende paneellede: Ronel Retief (registrateur van die Universiteit Stellenbosch), Farah Fredericks (Adjunkregistrateur: Tygerberg-kampus en voormalige Maties- en Suid-Afrikaanse hokkiespeler), Cato Louw (sportaanbiedier en Universiteit Stellenbosch-alumna) en Ongeziwe.



*Die paneel betrek die gaste by die gesprek.*

## Maties Hokkie **voeg derde astrobaan by**

Maties Hokkie het weer eens hul hokkie-aanbieding vergroot deur 'n derde astrobaan by hul fasiliteit te voeg, wat die Universiteit Stellenbosch (US) die enigste universiteit in Suid-Afrika met drie hokkie astro bane maak. Dié kunsgrasveld het 'n werklikheid geword te danke aan die waardevolle vennootskap tussen die US en Paul Roos Gimnasium (PRG). Konstruksie het amptelik op 12 Februarie 2024 begin en ses maande geneem om te voltooi.

Ilhaam Groenewald, hoofdirekteur van Maties Sport, het haar vreugde oor die suksesvolle samewerking tussen die US en Paul Roos Gimnasium uitgespreek. "Dit vergroot nie net ons vermoë om nasionale en internasionale geleenthede aan te bied nie, maar beklemtoon ook ons verbintenis tot sportuitnemendheid. Hierdie mylpaal verteenwoordig die krag van ons vennootskappe en die gedeelde visie om talent in ons gemeenskap te ontwikkel," het sy gesê.

Prof. Stan du Plessis, die US se bedryfshoof, het by die openingsgeleentheid gesê: "Die Universiteit Stellenbosch het van die begin af waardevolle vennootskappe met merkwaardige organisasies en mense gebou – verhoudings wat geleenthede moontlik gemaak het wat nie andersins beskikbaar sou gewees het as ons dit alleen moes doen nie."





*Van links: Tertius Bruwer (PRG-beheerraadlid), Prof. Nico Koopman (US se viserektor: Sosiale Impak), Prof. Stan du Plessis (US se bedryfshoof), André van Staden (PRG se rektor) en Ilhaam Groenewald (hoofdirekteur van Maties Sport).*

# Kampussport **lok meer as 4 500 deelnemers**

Ná die reuse-sukses van ons Kampussport-aande in 2023 het Maties Sport die inisiatief vanjaar voortgesit met 'n paar byvoegings tot ons aanbod. Dit het drie vlakke ingesluit – van mededingend tot ontspannend – om studente aan te moedig om deel te neem en aktief te wees op die vlak van hul keuse.

Ses Kampussport-aande is in 2024 aangebied, met meer as 4 500 deelnemers in 12 sportkodes: hokkie, sokker, e-sport, netbal, basketbal, Ultimate Frisbee, krieket, waterpolo, skaak, vlugbal, tafeltennis en swem.









# Kampusliga **groei steeds ná 75 jaar**

Die rugbykampusliga is al deel van die Universiteit Stellenbosch se DNS. Dié jaarlikse wedywering tussen koshuise het sy tentatiewe ontstaan in 1949 gehad.

Kampusrugby, soos dit vandag bekend staan, ontwikkel steeds en word al hoe meer deur spelers en aanhangers ondersteun. In 2024 het vrouespanne deelgeneem aan raakrugby, en amper 800 manstudente het in wedstryde gespeel.

'n Gemiddeld van 1 500 toeskouers het die weer trotseer vir die mans se wedstryde en vir die Derbydag en die finaal tussen Helderberg en Helshoogte het 3 000 ondersteuners opgedaag om die wedstryde te kyk.

Altesame 456 drieë, 260 doelskoppe en 57 strafskoppe is aangeteken, terwyl 20 geelkaarte en 3 rooikaarte bewys dat die passievolle mededinging steeds voortduur!

"Baie dankie aan Adam Piper vir sy voortgesette ondersteuning van Kampusrugby en die #WePlayAsOne-veldtog. Ons bedank ook SAB vir hul bydrae deur die loop van die jaar. Laaste maar nie die minste nie, baie dankie aan al die spanne, afrigters, spelers, ondersteuners, verskaffers en steundienspersoneel vir jul ondersteuning en toewyding," het Drikus Hancke, hoof van Maties Rugby, gesê.




**Kampusliga 2024**

2023 vs 2024

**2023**

**3 958**

**2024**

**4 646**

688 meer deelnemers

## Kleurwedloop



*Almal het baie pret gehad by vanjaar se Kleurwedloop (Colour Run), die derde een wat aangebied is. Dankie aan al ons deelnemers, belanghebbers, verkopers en borge wat hierdie geleentheid opwindender as ooit gemaak het. Ons het in 2022 met 386 hardlopers begin, in 2023 altesame 373 hardlopers gehad, en het vanjaar 450 deelnemers gelok.*

## Bywoning van **GAPS Afrika**

Nadat GAPS Afrika in 2023 by Coetzenburg aangebied is, het Sean Surmon, Maties Sport-direkteur, in 2024 na Mauritius gereis vir die geleentheid wat deur afrigters en sportlui uit 20 lande bygewoon is. GAPS is 'n beweging om parasport te bevorder, as 'n katalisator vir verandering te dien, kulturele diversiteit te vier, Statebond-familiebande te versterk en samewerkingsvennootskappe te vestig. Die Universiteit Stellenbosch dien as die verteenwoordigende universiteit vir Afrika.




## Maties gasheer van eerste **FISU Seweswêreldkampioenskap in SA**

Suid-Afrika sal die gasheer wees van die Federasie van Internasionale Universiteitsport (FISU) se 2026 Seweswêreldkampioenskap vir studente en Maties Sport sal die eer hê om slegs die tweede universiteit in Afrika te wees wat hierdie tweejaarlikse internasionale rugbyskouspel aanbied.

Die Suid-Afrikaanse afvaardiging het 'n oortuigende aanbieding in Frankryk gelewer en Stellenbosch as die volgende gasheerstad vir die 2026 FISU Seweswêreldkampioenskap vir universiteite voorgelê.

Die bod het klem gelê op Maties Sport en Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) se uitstekende geskiedenis met die aanbied van grootskaalse sportgeleenthede, die fantastiese fasiliteite by die Coetzenburg-sportkampus, en die streek se gasvryheid, lewendige en diverse kultuur, en asemrowende geografiese ligging.



*Ilhaam Groenewald, hoofdirekteur van Maties Sport, by Cédric Terret, president van die Franse Universiteitsportfederasie.*

# US Stap vir **Sosiale Geregtigheid 2024**

Maties Sport het aangesluit by #Action4Inclusion se jaarlikse Stap vir Sosiale Geregtigheid op Jeugdag, 16 Junie, saam met Prof. Thuli Madonsela, Prof. Sibusiso Moyo en Tendai 'Beast' Mtawarira. Ons Maties Rugby-student-atlete kon interaksie hê met 'n legende van die spel terwyl hulle 'n belangrike saak ondersteun wat help om studenteskuld by die Universiteit Stellenbosch te delg.

# **Cape Epic**-opwinding



*Die Coetzenburg-sportkampus is 'n basiskamp vir die wêreldbekende Cape Epic-fietswedren. Met ons eie berg en baan, fasiliteite en bestemmingsdorp, is ons die ideale keuse om grootskaalse sportgeleenthede aan te bied.*


# **Naamgewingseremonie** vir boot

Die Maties-roeiklub het 'n bootnaamgewingseremonie aangebied vir die drie jongste toevoegings tot hul vloot. Blyke van waardering is aan Ilhaam Groenewald, hoofdirekteur van Maties Sport, en ander oorhandig om hulle te bedank vir hul donasies, bywoning en voortgesette ondersteuning. Prof. Stan du Plessis, die US se bedryfshoof, het sy bewondering uitgespreek oor hoe ver die Maties-roeiklub in die afgelope paar jaar gekom het. Elke boot is (in drie tale) vernoem na Maties se eekhoringgelukbringer: Pokkel, Ingwejeje en Orava.





*Prof. Stan du Plessis, die US se bedryfshoof, het die amptelike verrigtinge waargeneem by die bootnaamgewingseremonie op die tuin voor die Jannie Marais Huis.*

**Aantal byeenkomste per sportkode 2015-2024**





*Die aantal byeenkomste per sportkode dui aan dat sokker een van die gewildste sportkodes was oor die afgelope 10 jaar, te danke aan 'n vennootskap met die Stellenbosch Sokkerklub (SFC).*

**Aantal byeenkomste per fasiliteit 2015-2024**





*Die aantal byeenkomste per fasiliteit dui aan dat die Danie Craven-stadion een van ons gewildste fasiliteite is. Die fasiliteit het in 2023 'n dubbeldoelfasiliteit geword, met Maties wat verskeie Verenigde Rugbykampioenskap- en sokkerwedstryde in die stadion aangebied het.*

**Uitsaaigeleenthede 2015-2024**




*Die getal byeenkomste wat uitgesaai is, het meer geword te danke aan Stellenbosch Sokkerklub (SFC) wat geleenthede aangebied het, asook aan ons Kampussport-aande.*

**Aantal byeenkomste per kliëntdefinisie 2015-2024**




*Die grootste kategorie is federasies, gevolg deur die Universiteit Stellenbosch (Maties Sport). Dit sluit geleenthede soos USSA-, Varsitybeker- en Varsity Sports-kompetisies in.*



*DHL Stormers teen Connacht in die Verenigde Rugbykampioenskap. DHL Stormers gebruik die Danie Craven-stadion wanneer die Kaapstad-stadion nie beskikbaar is nie.*





*Die Varsitybeker-kompetisie plaas elke jaar die kollig op meer as net ons senior mans-, Young Guns- en vrouerugbyspan. Dit stel ook ons fantastiese fasiliteite, ons vermoë om geleenthede aan te bied, en ons getroue studente-ondersteuners ten toon.*

# ONS DEEL ONS
# MATIES SPORT-STORIES


Die Media en Kommunikasie-eenheid ondersteun steeds alle Maties Sport-geleenthede en -prosesse deur kommunikasiebeplanning, intydse dekking op sosiale media en die webwerf, die identifisering van handelsmerkgeleenthede, en aktiverings om die student-ervaring en US-handelsmerkbevordering te verbeter.

Die eenheid het in 2024 weer eens hul waarde bewys deur nie net die Maties Sport-span in verbinding en ingelig te hou nie, maar ook die breër publiek deur 'n verskeidenheid plasings in verskillende media op veelvuldige kanale by geleenthede soos Varsitybeker-, Varsity Netbal- en USSA-kompetisies, en Kampussport-aande. Die eenheid het ook 'n projek vir 'n nuwe webaankomsbladsy begin, en vier nuwe bladsye is op die Maties Sport-webwerf gepubliseer.

MarketIQ verskaf media-inligting aan Maties Sport en die inligting hier onder wys die opbrengs op belegging van ons mediadekking in 2024. Met 1 824 meldings in die media, hoofsaaklik van neutrale aard in gedrukte en aanlyn media, is Maties Sport se gemiddelde iScore-telling 3,51 – 'n verbetering op verlede jaar, met 'n gemiddelde opbrengs van ongeveer R2,2 miljoen. Die opbrengs op belegging word bereken volgens die aandag en blootstelling wat 'n handelsmerk, sleutelwoord of onderwerp in verskeie mediaformate ontvang.

Maties Sport se sosialemediaplatforms groei deurlopend, met Instagram en Facebook se volgertal wat onderskeidelik met 1 400 en 2 200 toegeneem het. Die gehoor op die platforms bly tussen die ouderdom van 18-24 en bestaan hoofsaaklik uit studente aan die Universiteit Stellenbosch. In 2024 was daar 7,6 miljoen indrukke op ons hoofbladsye, wat wys hoe ver en wyd ons plasings gesien en gedeel is deur gebruikers op die drie sosialemediaplatforms.

**SuperSport Skole 2024: Regstreekse stroming en kommentaar**




- E-sport het SuperSport Skole gebruik vir regstreekse stroming en kommentaar.
- Kampussport-aande het gedien as 'n platform vir regstreekse stroming en kommentaar wat deur klubs gebruik is.

| Top-3-geleenthede met die meeste kyke: | Totale kyke: |
|---|---|
| Mans: Maties 1 vs. UK 1 | 1087 |
| Mans: Maties 4e span vs. Milnerton 2e span | 789 |
| Vroue: Maties Vics vs. UWK | 612 |

### Hoofplatforms se volgergetalle op 31/12/24:

**Instagram:**
**Volgers: 8 630**
(Toegeneem met 1,4K)

**Facebook:**
**Volgers: 13 610**
(Toegeneem met 2,2K)

**X:**
**Volgers: 3 615**
(Toegeneem met 147)

**TikTok:**
**Volgers: 3030**
14K voorkeure
(Toegeneem met 1,7K | 27K)

### 2024 in getalle

**4,7K** Plasings gepubliseer

**7,6M** Totale indrukke

**5,4K** Nuwe volgers

**337,1K** Totale betrokkenheid

***Betrokkenheid is die aantal kere wat 'n gebruiker op jou plasing gereageer het, 'n opmerking daarop gemaak het, dit gedeel het, of daarop geklik het.***
***Indrukke is die aantal kere wat 'n plasing deur gebruikers op 'n platform gesien is.***

# ONS DRYF **SOSIALE IMPAK** EN **LEIERSKAP**

## Ons verwelkom 'n nuwe navorsingsgenoot by die **"Droomspan"**



*Prof. Scott N Brooks.*

Die Sentrum vir Sportleierskap (SSL) het in 2024 'n nuwe navorsingsgenoot verwelkom: Prof. Scott N Brooks van Arizona Staatsuniversiteit. Prof. Brooks se professionele belangstellings lê in die veld van jeug en sport, ongelykheid in sport, afrigting en leierskap, en gemeenskapgegronde sportingrypings.

Hy sluit aan by 'n SSL-span van 21 lede wat bestaan uit internasionaal erkende navorsingsgenote van vyf kontinente – drie plaaslik en 18 internasionaal, wat 11 lande verteenwoordig.

Hierdie hoogs produktiewe groep het die Sentrum trots gemaak in 2024. Teen die einde van die jaar het hulle 35 navorsingsartikels en 15 boekhoofstukke gepubliseer.



## **Ons ondersteun student-atlete** om hul klubs te bestuur

Die Sentrum vir Sportleierskap het 'n kort leerprogram aangebied met 'n reeks kapasiteitsbouwerkswinkels vir studente wat op Maties Sport-klubkomitees dien. Die doel was om opleiding in sportbestuur, leierskap en administrasie te verskaf om die sportaktiwiteite by die US te versterk en te verbeter.

Die werkswinkelreeks het 'n hoogtepunt bereik met 'n finale projek wat implementeerbare oplossings vir Maties Sport-klubs verskaf het om in die toekoms te oorweeg.

# Jeugprogramme **wil jong lewens verander**

Maties Sport se Sentrum vir Sportleierskap (SSL) het in Junie 'n vakansieprogram vir jong mense uit die Stellenbosch-gemeenskap aangebied. Die doel was om deelname aan gestruktureerde ontspanningsaktiwiteite te verhoog en om mentorskapondersteuning te bied, saam met die ontwikkeling van mensgerigte vaardighede, soos kommunikasie, spanwerk en interpersoonlike vaardighede.

Die inisiatief het gefokus op sokker, netbal en rugby, en het gemeenskapbetrokkenheid, jeugontwikkeling en toegang tot hulpbronne vir 82 laerskoolleerders bevorder.

Daarbenewens het die SLEAK-inisiatief (Engelse akroniem vir Skills, Learning and Educational Activities for Kids) hul 16e herdenking gevier van die verskaffing van ontwikkeling-, sosiale en opvoedkundige geleenthede aan kinders in die Bishop Lavis-gemeenskap. Dié samewerkingspoging betrek die SSL, die Universiteit Stellenbosch se Departement Arbeidsterapie, en Teologie-studente.

Die program gee aandag aan belangrike maatskaplike kwessies soos die invloed van bendes, en bied gestruktureerde ontspanningsaktiwiteite, mentorskap en vaardigheidsontwikkeling.

# **SASOSSI** – 'n navorsingsvennoot vir **Olimpiese studies**

Die visie vir die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Olimpiese Studies en Sosiale Impak (SASOSSI) is om navorsers en universiteitspersoneel – plaaslik en van ander Afrika-lande – in staat te stel om saam betekenisvolle interkulturele navorsing op veelvuldige plekke te doen vir optimale sosiale impak.

Prof. Cora Burnett, senior navorsingsgenoot en direkteur van SASOSSI, werk nou saam met die adjunkdirekteur van SASOSSI en die hoofdirekteur van Maties Sport, Ilhaam Groenewald.

SASOSSI, wat 'n hoëprofielnavorsingsagenda dryf, werk saam met internasionele navorsingsgenote om kapasiteit onder opkomende geleerdes in verskeie Afrika-lande (Suid-Afrika, Botswana, Malawi, Zambië en Zimbabwe) te bou.

SASOSSI is 'n voorkeurvennoot vir belangrike navorsing- en onderrigprojekte wat verband hou met Olimpiese studies, soos gesien kan word in die uitnodigings van en vennootskappe met hoëprofielbelanghebbers in die veld.

Die interne (Universiteit Stellenbosch-entiteite) en eksterne belanghebbers (navorsingsgenote ingesluit) het bygedra om 'n konsortium van kenners te vorm wat globale kundigheid na Afrika bring.

In ooreenstemming met 'n omvattende onderrig- en kapasiteitsbouplan deur Maties Sport, volg SASOSSI 'n multivlakbenadering om te verseker dat die groter sportsektor en lede van die Olimpiese beweging (SASKOK en nasionale sportfederasies) optimaal daarby baat. In 2024 het SASOSSI saam met die Afrika Unie (AU), die Afrika Unie Sportraad Streek 5, en die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie se Olimpiese en Paralimiese komitee gewerk.







## Samewerking met **navorsingsentrums vir Olimpiese studies, akademiese instellings,** en **organisasies wat deel is van die Olimpiese beweging**

| Vennoot | Projek/Aktiwiteit | Tydperk |
|---|---|---|
| Afrika Unie (AU). | Ontwikkel 'n voorspraakdokument oor geslaggelykheid. | 2023-2024 |
| Afrika Unie Sportraad (AUSR) Streek 5. | Ondersteun navorsingsprojekte oor die lewe ná sport en anti-dwelmopvoeding wat in Maart 2024 by die Afrika Spele in Ghana gedoen is.<br><br>Navorsingstudie op streekvlak oor geslag en mense met gestremdhede. | 2023- 2024 |
| Die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie se Olimpiese en Paralimpiese Komitee. | **'n Memorandum van verstandhouding is geteken om te fokus op:**<br><br>i. Ontwikkeling en implementering van 'n onderrigprogram oor Olimpiese waardes.<br><br>ii. Voorspraak vir liggaamsopvoedingonderrig van gehalte en integrasie van liggaamsopvoeding, aktiwiteit en sport.<br><br>iii. Dissemineer onderrig van Olimpiese waardes en bevorder die belang van sport en fisieke aktiwiteit vir jeugontwikkeling, -onderrig en -opleiding. | 2023-2027 |

## **Beleidverwante** navorsing

Die fokus op "skakel navorsing om in praktyk" hou verband met 'n nasionale beleid vir vroue in sport.

Die fokusareas sluit in:

- geslaggelykheid;
- beveiliging in sport;
- lewe ná sport gekoppel aan vrywilligerwerk en indiensneembaarheid;
- jeugontwikkeling en volhoubare lewensbestaan in sport vir ontwikkeling, en;
- anti-dwelmopvoeding wat verband hou met impakassessering van waardegegronde ingrypings.

## Digitale versameling wat verband hou met **Apartheid en sport in Suidelike Afrika**

Hierdie versameling is saamgestel by die IOK se Sentrum vir Olimpiese Studies in Lausanne as deel van die Gevorderde Olimpiese Toekenning-program. Die versameling word gedeel met die Universiteit van Johannesburg se Sentrum vir Olimpiese Studies.

Nog 'n versameling is dié van Gert Potgieter, 'n voormalige Olimpiese deelnemer en HUB van Altus Sport. Hy het al sy materaal geskenk om deur SASOSSI gehuisves te word. Een van ons senior navorsingsgenote, Prof. Albert Grundlingh, is 'n kenner in sportgeskiedenis.

# Ons verwelkom **internasionale besoekers**

SASOSSI het kontak gemaak met die Katolieke Universiteit in Milan, Italië, waar Prof. Cora Burnett 'n opleidingprogram vir doktorale studente aangebied het. Een student, Mattia Belluzzi, het Maties Sport as deel van 'n ses weke lange program besoek om navorsing te doen onder nieregeringsorganisasies in Kaapstad en Stellenbosch.



Prof. Meredith Whitley van Adelphi Universiteit het 'n aanlyn lesing oor "Geestesgesondheid en welwees in sport" vir Maties Sport se personeel en student-atlete aangebied tydens haar besoek aan SASOSSI by Maties Sport.



*Van links: Ilhaam Groenewald, Prof. Meredith Whitley, prof. Cora Burnett en Dr. Nana Adom-Aboagye.*

Dr. Louis Nolte van die Universiteit van Edinburgh het besoek afgelê om op te volg oor vordering tussen Maties Sport en SASOSSI wat betref die ontwikkeling van 'n vrywilligerprogram (sluit medepublikasie in), kapasiteitsbou en stelselontwikkeling vir studente, student-atlete, en gemeenskapsportleierskap. SASOSSI werk saam met die Sentrum vir Olimpiese Studies by die Universiteit van Edinburgh waar Prof. Burnett gaslesings aanbied.



# Olimpies-verwante **navorsingsprojekte**

| Navorsingsprojek | Aktiwiteit |
|---|---|
| Geslag, gestremdheid, deelname en leierskap in sport in Suidelike Afrika. | Werk saam met die Afrika Unie Sportraad Streek 5, die Noorweegse Olimpiese en Paralimpiese Komitee, die Konferasie van Sport, Vrouesport Internasionaal, en navorsers in die land. |
| Fokus op vrywilligerwerk. | Studie beoog om aandag te gee aan 'n gaping in navorsing oor vrywilligerwerk by die Netbalwêreldbeker 2023. Die studie se doel was om die motiverings en ervarings wat verband hou met vrywilligerdiens by die geleentheid, gasheerbestuurstrategieë, en strategiese besluitneming te verstaan. |
| Fokus op jeugwerkloosheid. | Deurlopende vennootskap tussen die Sport vir Sosiale Verandering Netwerk Afrika (SSCN) en die Presidensiële Jeugindiensnemingingryping-stimulus, wat gestalte vind in die Nasionale Jeugdiensprogram.<br><br>Hierdie program stel partye in staat om aandag te gee aan die probleem van werkloosheid onder die jeug. Deur geaffilieerde NRO-lede te teiken, het die SSCN werklose jong mense gewerf vir 'n internskap van ses maande in die veld van sportontwikkeling. Die navorsing sal in 2025 'n derde ronde betree. |

# SASOSSI-**publikasies en -onderrig**

| Projek | Doelwit |
|---|---|
| Onderrig oor Olimpiese waardes. | Nagraadse lesings vir Menslike Bewegingskunde by die Universiteit van Johannesburg. |
| Olimpiese beweging en navorsing vir impak.<br><br>Geslag en mense met gestremdhede. | Webinaar vir die Universiteit van Edinburgh. |
| Verenigde nasionale nutsgoed vir sport vir ontwikkeling en vrede. | Ontwikkeling van 8 modules vir meer as 100 deelnemers in Zimbabwe, Suid-Afrika en Namibië. Sal in 2025 in Bangladesj uitgerol word. |
| Nagraadse seminare, webinare, modules en kursusse. | Liggaamsopvoeding-onderwyseropleiding vir voorgraadse studente, en nagraadse sportbestuur en sosiologie van sport.<br>Totale bywoningstal: 693. |
| Toesig oor Olimpies-verwante meesterstudies. | Geslag en gelykheid in Malawiese sport. Deelname van transgendersportlui. |
| Toesig oor Olimpies-verwante PhD-studies. | In samewerking met UJ se Sentrum vir Olimpiese Studies: 'n deurlopende raamwerk vir verslagdoening oor nasionale prioriteitteikens vir sport in Zambië. |
| Ontwikkel metodologie. | Om veerkragtigheid te meet onder jeugleiers/sportafrigters wat in chroniese armoede leef in Suid-Afrika. |
| Publikasies. | Artikels – 5<br>Hoofstukke – 4<br>Navorsingverslae – 5<br>Konferensie-aanbiedings – 3 |




*Prof. Cora Burnett, Dr. Nana Adom-Aboagye en Prof. Heather Morris-Eyeton van die Universiteit van Johannesburg het navorsing gedoen by die 2024 Afrika Spele in Ghana. Studente van die Universiteit van Ghana is opgelei om bystand te lewer met die twee navorsingsprojekte. Die lewe ná sport was Maties Sport se inisiatief (in samewerking met die SSL en SASOSSI), terwyl SASOSSI ook met UJ se Sentrum vir Olimpiese Studies saamgewerk het aan "anti-dwelmopvoeding".*




*Prof. Cora Burnett is genooi na Gaberone, Botswana, om navorsingbevindings aan te bied by die Afrika Unie Sportraad Streek 5 se konferensie oor Sport vir Mense met Gestremdhede onder die vaandel Inklusiwiteitsrevolusie.*




*Dr. Ruth Mojalefa (Departement van Sport, Kuns en Kultuur), Dr. Nana Adom-Aboagye en Prof. Cora Burnett in Bloemfontein waar die finale konsultasie en opleidingfase van die beleid oor vroue in sport vir Suid-Afrika plaasgevind het.*


# ONS STREEF DAARNA OM **'N VOORKEURWERKGEWER TE WEES**

**Die #MaroenMasjien het uitstekend gevaar in 2024, aangedryf deur die toegewyde en talentvolle personeel wat seker maak dat ons student-atlete kan presteer in 29 kodes in 'n pragtige omgewing met fasiliteite en dienste van wêreldgehalte.**




*Maties Sport se senior bestuurspan is van links Andy de Bruin, Dr. Nana Adom-Oboagye, Ilhaam Groenewald (hoofdirekteur), Sean Surmon (direkteur) en Reggie Smith.*

**Maties Sport-personeelverteenwoordiging**




**Personeelopleidingbywoning**





*Maties Sport-personeelontbyt saam met Prof. Wim de Villiers, rektor van die Universiteit Stellenbosch.*

## **Maties Sport**-personeelbewegings

2024 het met groot opwinding begin toe Adele Zeelie as hoofafrigter van ons netbalspan oorgeneem het. Sy was deel van die bestuurspan wat in 2022 goud by USSA én Varsity Netbal gewen het.

Aan die einde van die seisoen het Maties Netbal Sasha-Lee Petersen as die nuwe hoofafrigter vir die volgende drie jaar aangewys. Sasha-Lee is 'n Maties Netbal-alumna, nasionale speler, afrigter, en is tans besig om haar PhD in Sportwetenskap te voltooi.

Keagan van Aarde, voormalige Maties-krieketspeler en -sportbestuurder, is aangewys as Senior Bestuurder: Hoë Prestasie.

Die Hoëprestasie-eenheid het die nuwe interns Stephanie Phillips en Robyn Emslie verwelkom. MC Coetzee het as krag- en kondisioneringafrigter by Maties Rugby aangesluit, en Aneesha Adams is die nuwe hoofafrigter van Maties se vrouerugbyspan. Johnwin Lewis is in die rol van rugbyfasiliteite-assistent aangestel.



*Sasha-Lee Petersen*



*Aneesha Adams.*



*Sportbestuurders werk hard ten bate van ons studente-atlete.*

# ONS GEE ERKENNING AAN **DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE**

Ons vennote, borge en donateurs dra ongelooflik baie by om Maties Sport te ondersteun in ons missie om uitstekende fasiliteite, 'n verrykende sportervaring vir studente-atlete, en hoëprestasie-kampioene van wêreldgehalte in 'n verskeidenheid sportkodes te lewer.

Ons is dankbaar teenoor besighede wat ons visie ondersteun en teenoor ons lojale alumni wat ruim bydra tot ons Sportbeursfonds.

Te danke aan hierdie fonds kan ons die beste akademiese en sportstudente na die Universiteit Stellenbosch lok, en hulle ondersteun ten opsigte van hul studies, verblyf en sport.

## Borge

Coca-Cola Peninsula Beverages

HI-TEC

FNB

POWERADE

HYUNDAI

DRENCHED

PROevents™ SECURITY

## **Maties Rugby** teken ooreenkoms met **nuwe hoofborg Mitchum**




*Henry Shuttleworth, besturende direkteur van Revlon, by Drikus Hancke, hoof van Maties Rugby.*

Maties Rugby het 'n hoofborgskapooreenkoms met Mitchum onderteken, wat beoog om die twee handelsmerke te versterk met gedeelde waardes soos uitnemendheid, innovasie en die verskuiwing van grense.

Volgens Ilhaam Groenewald, hoofdirekteur van Maties Sport, is die Universiteit Stellenbosch, Maties Sport en Maties Rugby baie opgewonde oor hul nuwe vennootskap met Mitchum.

"Hierdie belegging sal uitnemendheid, deelname en ons mense bevorder, bydra tot 'n volhoubare besigheidsmodel, en 'n verskil maak deur sosiale impak, kapasiteitsbou en navorsing vir impak. Ons sien uit om hierdie nuwe en opwindende reis saam met Mitchum aan te pak."

## Geaffilieerdes

## Doelgerigte vennootskappe

**Superskole** – Regstreekse stroming.

**Protea Hotel Technopark** – Voorkeurtarief vir akkommodasie en konferensies.

**Paul Roos Gimnasium** – Binnenshuise krieketfasiliteit en ooreenkoms vir gedeelde gebruik van die 3de hokkiekunsgrasveld.

**Stellenbosch Sokkerklub** – Ooreenkoms vir oefen- en wedstryddaggebruik by Lentelus en die Danie Craven-stadion.

**GAPS Afrika** – Globale bevordering van parasport.

**Loughborough Universiteit** – Strategiese samewerking vir sport- en kennisdeling.

**Limerick Universiteit** – Akademiese samewerking

**Internasional samewerking** met 17 universiteite wat deur 22 navorsingsgenote verteenwoordig word.

## Pro Events – Maties Sokker-staatmaker




*Pro Events Security is 'n staatmakervennoot en die nuwe mouborg van Maties Sokker. As 'n blyk van waardering het Maties Sokker se klubbestuurder, Zukanye Magwa, 'n geraamde hemp aan Edward Beeker, bedryfshoof van Pro Events Security, oorhandig.*

## Alumniverhoudings

Een van ons mees betekenisvolle verhoudings is met ons Maties Sport-alumni wat aanhou om ons te ondersteun en terug te gee deur fondsinsamelinginisiatiewe.

Ons alumni het in 2024 meer as R10 miljoen vir Maties Sport ingesamel. Meer as R7 miljoen daarvan het gegaan na die beursfonds wat 120 hoëprestasie-student-atlete ondersteun.



*Alumni by ons Vroue-gholfdagfondsinsameling-geleentheid.*

# ONS FOKUS OP VOLHOUBARE **FINANSIËLE SUKSES**

2024 was 'n goeie finansiële jaar vir Maties Sport. Ons geïntegreerde begroting het jaar-op-jaar groei van 18% gewys van 2023 na 2024.

Die volgende stappe het bygedra tot 'n bevredigende finansiële uitkoms: Ons het ons inkomsteteikens vir klublidmaatskap bereik; ons het ons fondsinsamelingteiken met 50% oortref; ons het 'n surplus groei van 16% behaal deur eksterne geleenthede aan te bied; ons het koste besnoei deur eenvormige spandrag vir alle kodes te ontwerp; en ons het 5% bespaar op ons begroting vir menslike hulpbronne (gebruik om ons sportklubs te ondersteun).

## **Beweging oor 10 jaar** (2014 – 2024)

Oorspronklike aanvangsbefondsing van R5,2 miljoen is in 2015 ontvang toe sport as 'n strategiese bate vir die Universiteit Stellenbosch beskou is. Die totale toewysing aan die hoofbegroting het sedertdien, oor die afgelope 10 jaar, met 80% toegeneem.


'n Beduidende verandering om volhoubare finansiële bestuurspraktyke te verseker het in 2017 in werking getree toe die Universiteit se Department Finansies 'n voltydse rekenmeester gesekondeer het om in Maties Sport te werk en om onafhanklik by te dra tot finansiële gesprekke oor beplanning en bedrywighede.

Nou, in 2024, ontvang Maties Sport ongeveer 70% van hul totale begroting by die Universiteit. Die res van die inkomste word deur derde en vyfde inkomstestrome gegenereer.

Ons fokus op fondsinsamelinginisiatiewe soos inkomstegenererende geleenthede en borgskappe, en studente betaal 'n lidmaatskapfooi aan klubs vir fasiliteite, afrigting, kompetisies, ens. Hierdie inkomste word vir sportbedryfsvereistes gebruik.


Klubs dien jaarliks begrotings in vir kontrolering en goedkeuring deur Maties Sport se senior rekenmeester en hoofdirekteur. Daar word deurlopend 'n poging aangewend om inkomste te verhoog en uitgawe-ondoeltreffendhede te verminder om finansiële volhoubaarheid te skep en die druk op die hoofbegrotingtoewysing van die Universiteit af te verlaag.

**Maties Sport-begrotingtoewysing**




In 2024 het Maties Sport hul begroting strategies aan sportklubs toegewys om te belê in menslike hulpbronne, toernooi-uitgawes en bedryfsvereistes.

**% groei in hoofbegrotingtoewysing jaar op jaar**




**Gemiddelde Maties Sport- geïntegreerde begroting**



# ONS KYK **VORENTOE**

Die implementering van omvattende benaderings om volhoubaarheid te ontwikkel en te verbeter, het sleutelkonsepte geword in pogings om ekonomiese, omgewing- en sosiale uitdagings vir hierdie en toekomstige generasies die hoof te bied. Volhoubaarheid word bevorder deur organisasies – die burgerlike samelewing, besighede en openbaresektororganisasies, soos universiteite. Die sportomgewing het ook vooruitgang gemaak. Baie moet egter nog in die Suid-Afrikaanse konteks gedoen word, en Maties Sport is verbind tot hierdie saak.

Ons vyf strategiese doelwitte bly ons gids om ons visie uit te voer: "Om die leidende universiteit te wees en by te dra tot 'n holistiese en diverse ervaring deur sport". Ons verbintenis vir 2025 is om deelname, werkverrigting, onderrig en navorsing te dryf deur leierskap wat prestasie op alle vlakke sal bevorder, soos volg:

1. **Bevorder deelname en prestasie** deur ons eenhede wat verantwoordelik is vir hoëprestasiesport, mededingende sport, ontspanning en aktiewelewenstylprogramme;
2. **'n Gesonde organisasie** wat fokus op opvolgbeplanning, gesteun deur opleiding, ontwikkeling en personeelwelstand;
3. **'n Volhoubare besigheidsmodel** wat verwesenlik word deur (i) fondsinsamelinginisiatiewe met doelgerigte vennootskappe, (ii) 'n voorkeurbestemming, gesteun deur ons fisieke hulpbronne van wêreldgehalte, en (iii) bedryfsuitnemendheid, gesteun deur tegnologie en innovasie; en
4. **Navorsing vir impak en innovasie** deur ons uniek geposisioneerde Sentrum vir Sportleierskap (SSL) en die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Olimpiese Studies en Sosiale Impak (SASOSSI) wat inisiatiewe sal aanvoer om navorsing vir impak, opleiding en ontwikkeling, en sosiale impak te bevorder.

Die nuwe vyfjaarvisie wat gelei het tot my heraanstelling as hoofdirekteur van Maties Sport sal beoog om die volgende te doen: Aan te hou om die steeds ontwikkelende landskap van hoër onderwys te navigeer, en te fokus op die behoefte om universiteitsport as 'n katalisator vir positiewe verandering te herverbeel. Om dit te bereik, moet ons dit oorweeg om volhoubare praktyke in te sluit om toekomstige generasies leiers, sportsterre en betrokke burgers te vorm.

Die #MaroenMasjien bly daartoe verbind om Maties Sport se volle potensiaal te ontsluit sodat ons kan floreer in 'n diverse en onderling verbinde wêreld.

Ek bly dankbaar vir die voorreg om sport by die Universiteit Stellenbosch en in ons pragtige land te dien.

Ek waardeer die leierskap van prof. Stan du Plessis, die US se bedryfshoof en ons lynhoof, die bedryfs- en finansiespan, Maties Sport-familie, en die groter sportgemeenskap van Suid-Afrika.

2025 sal nog 'n fantastiese jaar wees en hopelik sal ons saam, deur betekenisvolle samewerking, aanhou om 'n verskil te maak.

**Ilhaam Groenewald**

**Hoofdirekteur: Maties Sport**

